# HOOFSTUK 9

# GODSDIENS EN KERKLIKE LEWE

Die geestelike verryking van die individu binne die munsipale gebied is die verantwoordelikheid van Plaaslike Owerhede. Alhoewel die Krugersdorp Stadsraad nie voorskriftelik mag wees ten opsigte van die leerstellige beginsels van 'n bepaalde geloof of kerkverwantskap nie, het kerkgenootskappe 'n morele verantwoordelikheid om te waak oor die wyse waarop die Stadsraad die dorp bestuur. Kerkgenootskappe behoort hulle uit te spreek oor sake en besluite van die Raad wat die geestelike welsyn van die gemeenskap kan skaad. Die besware van die Nederduits Hervorme of Gereformeerde Ker (NG-Kerk) in die dertigerjare teen die hou van hondewedrenne in Krugersdorp dien as voorbeeld. Munisipale dienste is egter onontbeerlik vir die effektiewe funksionering van Kerkgenootskappe. Hierin oefen Plaaslike Owerhede 'n indirekte invloed uit op die godsdiens en kerklike lewe binne die munisipale gebied. Bespreking van die godsdiens en kerklike lewe in Krugersdorp fokus op die algemene invloed van godsdiens op die sosio-kulturele lewe van die inwoners, met verwysing na die munisipale betrokkenheid waar toepaslik.

Die multi-religieuse karakter van die Suid-Afrikaanse samelewing het ook neerslag in Krugersdorp gevind. Ongeveer 80% van die inwoners is Christene, alhoewel baie van hulle kerkloos is, of nie aan 'n bepaalde kerk behoort nie. Omtrent al die denominasies binne die konteks van die Suid-Afrikaanse Christendom word in Krugersdorp aangetref. Die Islam en Hindoeïsme kom hoofsaaklik onder die Indiërgemeenskap voor, wat ongeveer 2% van die bevolking uitmaak. Die Joodse gemeenskap en aanhangers van die Judaïsme maak minder as 1% van die bevolking uit, maar hulle rol in die sosio-ekonomiese en kulturele ontwikkeling van Krugersdorp is groot.[1]

Dit is moeilik om te bepaal hoeveel van die stedelike Swartmense aanhangers is van die tradisionele Afrikagodsdienste omdat hulle nie in bepaalde groeperinge byeenkom nie. Gevalle is bekend in Krugersdorp waar tradisionele genesers mitiese rituele gebruik om met die gode en voorvaders te kommunikeer ten einde uitspraak oor 'n bepaalde saak te lewer. Dit wil tog voorkom asof die tradisionele geneeskunde van

1 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr C2, *Catholic church*, 1985.

die sangomas in 'n stedelike konteks meer daarop gerig is om "die liggaam van binne" te reinig deur die gebruikmaking van magie en kruiemiddels. Die tradisionele geneser vervul 'n belangrike rol in die samelewing. Die geneser word deur sowel Christene, as nie-Christene, uit die Swartgemeenskap geraadpleeg vir uitspraak oor 'n verskeidenheid probleme wat die totale menswees van die persoon raak. Dit sluit in siektes, kwale, verhoudingsprobleme, sosio-ekonomiese probleme, "geld wat vinnig uit die huis gaan" (oorspandering), moeilikhede by die werk, kinders wat nie na ouers luister nie, ensovoorts.[2]

Die Hindoeïsme is 'n komplekse, baie persoonlike, panteïstiese godsdiens. Hindoeïsme is baie aanpasbaar en dit absorbeer maklik elemente van ander godsdienste as dit tot die voordeel van die Hindoe gebruik kan word, wat die kompleksiteit daarvan verhoog. Elke Hindoe bepaal self watter god of gode hy wil aanbid om in 'n bepaalde behoefte te voorsien. Offers aan die gode vorm 'n belangrike element in die aanbidding.

Die Islam daarenteen is nie net 'n godsdiens nie, maar 'n lewenswyse wat elke aspek van die mens se lewe raak. Die Moslems, aanhangers van die Islam, vorm as gevolg van hulle religieuse lewenswyse 'n sosio-kulturele groepering wat maklik onderskeibaar is van ander religieuse groeperinge. Die uitstaande kenmerk van die groep is die nougesetheid waarmee die toegewyde Moslem die Islamitiese leerstellings in sy daaglikse lewe toepas.

Judaïsme weer is die behoudende element in die Joodse gemeenskap as 'n sosio-kulturele groep. Alhoewel die Jode 'n groot bydrae gemaak het tot die sosio-ekonomiese en kulturele ontwikkeling van Krugersdorp, het hulle danksy die Judaïsme nie hulle identiteit prysgegee nie. Die Joodse gemeenskap is as gevolg van hulle godsdiens 'n geslote religieuse gemeenskap met vaste tradisies en gebruike.

Die Judaïsme, Islam en Hindoeïsme word oorsigtelik bespreek met verwysing na die institusionele ontwikkeling in Krugersdorp.

Die verskeidenheid denominasies binne die Christendom in Krugersdorp is groot. Die verwysing na die institusionele ontwikkeling van die bekendste denominasies is slegs

---

2 A. Mohakabe, Onderhoud 1995. Kyk ook Museum, Krugersdorp, inligtingsleêr S19, *Sterkfonteingrotte*, sd.

oorsigtelik. Die meerderheid van die gemeentes het voor 1900 tot stand gekom, wat aanleiding gegee het tot 'n reeks gemeentelike eeufeesvieringe in die onlangse jare. Die eeufeesvieringe het gepaard gegaan met die publikasie van gedenkuitgawes waarin die geskiedenis van die kerk verhaal word. Die algemene tendens van die geskiedskrywing in die gedenkuitgawes is om die geskiedenis van die gemeente aan die kerkgebou te koppel. Die oprigting van die gebou, aanbouings, addisionele geboue soos die kerksaal of pastorie word as hoogtepunte in die bestaan van die gemeente uitgebeeld. Die kronologie van gebeure is andersyds aan die diensperiodes van die verskillende predikante gekoppel. Elke pastoriepaar het sy eie stempel op die gemeente en kerklike werksaamhede, en in 'n meerdere of mindere mate op die gemeenskap, afgedruk. Die gedenkuitgawes haal by uitsondering die werk en die rol van die kerk as 'n instelling van gelowiges aan. Verwysings na die liturgie en die versorging van die gemeente op geestelike en materiële gebied, is feitlik afwesig.

Die bespreking van die Christelike godsdiens en kerklike lewe fokus op die tradisionele "Engelse" kerke, byvoorbeeld die Anglikaanse-, Metodiste- en Rooms-Katolieke Kerk, asook die drie Afrikaanse kerke, naamlik die NG-Kerk, die NH-Kerk en die Gereformeerde Kerk, asook Charismatiese kerke soos die Sewendedag Adventiste en die Heilsleer.

Dit is nie prakties moontlik om in die bestek van hierdie studie al die Christelike denominasies wat in Krugersdorp voorkom, te bespreek nie. Die onderstaande tabel dui die godsdiensverskeidenheid wat in 1991 in Krugersdorp voorgekom het, aan.[3]

3 Republiek van Suid-Afrika (RSA), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus 1991, Uitgesoekte statistiese streek Wesrand*, Verslag no.03-01-18(1991), tabel 3.

| KERKVERBAND/GELOOF IN KRUGERSDORP 1991 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kerkverband/Geloof | Blankes | Bruinmense | Indiërs | Swartmense |
| NG-Kerk | 15305 | 179 | 3 | 3546 |
| Gereformeerde Kerk | 2253 | 0 | 0 | 0 |
| NH-Kerk | 5157 | 0 | 0 | 0 |
| Anglikaanse Kerk | 1344 | 75 | 2 | 5556 |
| Metodiste Kerk | 2585 | 51 | 0 | 5553 |
| Presbiteriaanse Kerk | 475 | 0 | 0 | 911 |
| Rooms-Katolieke Kerk | 2519 | 92 | 6 | 8509 |
| Apostoliese Geloofsending | 3603 | 8 | 0 | 319 |
| Independente Kerk | 0 | 12 | 0 | 812 |
| Lutherse Kerk | 0 | 24 | 12 | 7031 |
| Volle Evangelie Kerk | 0 | 0 | 36 | 0 |
| Swart Onafhanklike Kerke | 0 | 0 | 0 | 16767 |
| Ander Christelike Kerke | 10646 | 703 | 189 | 8925 |
| Nie-Christelike Kerke | 89 | 14 | 38 | 304 |
| Judaïsme | 248 | 0 | 0 | 0 |
| Islam | 0 | 136 | 5185 | 0 |
| Hindoeïsme | 0 | 0 | 1010 | 0 |

**Figuur 48**

'n Groot persentasie van die gemeenskap is ondersteuners van "ander" Christelike kerke, wat nie deur die bevolkingsensus van 1991 gespesifiseer word nie. Die meerderheid Blanke inwoners is lidmate van die NG-Kerk. Kerklidmaatskap onder die Swartgemeenskap kom wyd verspreid voor. Die aantal Indiërs wat tot die Christelike geloof behoort, is beperk.

Die meerderheid Indiërs is aanhangers van die Islam. Hindoeïsme kom slegs onder die Indiërgemeenskap voor. Aanhangers van 'n geloof of kerkgenootskap is nie noodwendige aktiewe lidmate van die betrokke geloof of kerkgenootskap nie. Persone dui dikwels in statistiese opnames 'n kerkverband of geloof aan omdat hulle ondersteuners is van die standpunte van die betrokke denominasie en nie omdat hulle 'n aktiewe lid is nie.[4]

Die kerstening van die Swartmense het tot gevolg dat die religieuse diversiteit onder die Swartmense net so breed is as onder die Blankes. Die meerderheid Swartmense in Krugersdorp is lidmate van die gevestigde Christelike kerke. Ongeveer 20% is aanhangers van die onafhanklike Afrika-kerke. Die ontstaan van die onafhanklike kerke as 'n teenreaksie teen die sendingwerk van die Blankes, is 'n poging om

4 RSA, Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus 1991, uitgesoekte statistiese streek Wesrand*, p.viii.

godsdiens onder die beheer van tradisionele leiers te bring. Sektarisme onder die Swartmense onderskei twee hooftendense, naamlik Etiopianisme en Zionisme.[5]

## 9.1. CHRISTELIKE GODSDIENS EN KERKLIKE LEWE

Godsdiens, kerk en 'n regsinnige lewe waarin die Bybel as maatstaf gebruik is, het as rigsnoer vir die Blanke pioniers gedien. Gebed, gereelde Bybel lees en huisgodsdiens twee keer per dag, was deel van hulle daaglikse lewenswyse. Baie mense het behalwe hulle Bybel, psalm en liedereboek, ook gebruik gemaak van predikasieboeke om hulle in godvrugtigheid toe te rus.

Kinders is sedert hulle jongste jare ingelei in die kennis en vertroue in die geloof en is onderrig aangaande God en sy Woord. Die onderrig het die aflegging van geloofsbelydenis ten doel gehad en het in hoofsaak 'n deeglike kennis van die Bybelse geskiedenis en die Gereformeerde en Calvinistiese geloofswaarhede behels. 'n Voortdurende oefening in godsdienstige sang en die leer van die Bybel en ander beskikbare godsdienstige werke, is in die godsdiensonderrig vereis.

Die godsdiensbeskouing van die Blanke pioniers, naamlik dat die individu en die volk onder die heerskappy van God staan, het hulle lewe beïnvloed. Met die Bybel as rigsnoer het elkeen vanuit sy geloofsoortuiging 'n goedkeurende of kritiese gesprek gevoer oor onder andere die politiek, regspraak, onderwys of die private lewe van openbare figure. Die geskiedenis het meegebring dat die pioniers 'n eiesoortige vroomheid ontwikkel het wat van die begin af gekenmerk is deur 'n hoë sedelike peil, waardering vir eie taal, kerklike tradisie en 'n lewenswyse en geroepenheid eie aan die partriargale stelsel. Hiervan is die Jennings-familie van die Magaliesburg-Hekpoort omgewing 'n goeie voorbeeld.[6]

---

5 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, UG, band 61/1955, *Summary of the report of the Commission for the socio-economic development of the Bantu areas in the Union of South Africa*, p.20.

6 Die geskiedenis van die Jennings-familie en hulle aandeel in die geskiedenis van die Hekpoort-Magaliesburg gemeenskap word deur Muriel Sanders vertaal in haar outobiografie. Die gebruik van die oorspronklike van *Jenners* is in die Transvaal vervang met *Jennings*. Geen verklaring word hiervoor in die outobiografie gegee nie. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, M. Sanders, *Glimpses of the past*. Kyk ook inligtingsleêr :S14, *St. Peter's Church*, sd.

Die Anglikaanse gemeente van Krugersdorp het sy oorsprong in die plaasgemeenskap Engelssprekendes wat hulle in die Magaliesburg-Hekpoort omgewing gevestig het. Die ruggraat van hierdie gemeenskap was die familie Jennings. Die patriarg, James Jenners, het as baba saam met die 1820-setlaars na Suid-Afrika gekom. Hy is in 1837 getroud met Mary Saunders. Die gesin het in 1863 na die Transvaal verhuis en hulle op die plaas Blaauwbank, in die distrik Krugersdorp, gevestig.[7] Namate die kinders wasdom bereik het, en in die huwelik getree het, het hulle hul eie plase in die omgewing bekom. William Jennings het in 1871 die plaas Nooitgedacht gekoop van Willem Hendrik Boshoff.[8] Sy bejaarde ouers en twee jongste susters het in 1874 by hom op die plaas kom woon. Die gesin is gereeld deur ds. Richardson van Rustenburg besoek. Die hele familie het dan van Blaauwbank, Hekpoort en Witfontein na Nooitgedacht gekom vir die kerkdiens. Die Anglikaanse Biskop van Pretoria, Biskop Bousefield, het ook periodiek na Nooitgedacht gekom. Dit was tydens een van hierdie besoeke dat die bejaarde James en Sara Jenners en hulle dogters, Alice en Ada, saam met hulle kleindogter, Augusta, in 1879 geloofsbelydenis afgelê het as lidmate van die Anglikaanse kerk.

Die Anglikaanse gemeenskap het in 1884 besluit om 'n kerk te bou op die plaas Thorndale[9] van Jeremiah Jennings. Die plaas is halfpad tussen Nooitgedacht, Magaliesburg en Hekpoort geleë. Die St. Thomas Kerk is in 1885 deur biskop Bousefield ingewy. Die gebou is in die Suid-Afrikaanse Oorlog vernietig. Die gemeenskap het daarna op Thorndale aan huis van Jeremiah Jennings byeengekom vir kerkdienste totdat die St. Anne's Kerk in 1930 op die plaas in gebruik geneem is.[10]

Die Anglikaanse gemeente van Krugersdorp het feitlik dieselfde tyd as die dorp tot stand gekom. Die eerste kerk en skool was 'n houtraam wat met linne oorgetrek was. Die Vrymesselaarslosie was ook vir 'n tyd lank vir eredienste gebruik, totdat die St. Markus Kerk in 1889 in Monumentstraat in

---

7 Die eerste gouddelwerye aan die Witwatersrand is op die plaas Blaauwbank in 1874 geproklameer. Verwys na hoofstuk 2 vir besonderhede oor die delwerye.

8 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, M. Sanders, *Glimpses of the past*, p.2. Kyk ook inligtingtingslêer S14, *St. Peter's Church*, sd.

9 Kyk Kaart no.2 vir plase in Krugersdorp-distrik.

10 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S14, *St. Peter's Church*, sd.

gebruik geneem is. Die St. Markus was gou te klein vir die groeiende gemeente en in 1905 is die St. Peter's Kerk (foto no.80), ontwerp deur argitek Herbert Baker, in gebruik geneem. Die kooraltaar is in 1951 aangebou en die toring in 1963.[11] Die Krugersdorp-Wes gemeente is in 1908 afgestig. Die St. Stephen's Kerk is op 10 Januarie 1909 in gebruik geneem.

Die St. Markus Kerk het intussen as kerksaal diens gedoen. Dit is in 1922 vir die eerste keer deur die Kleurlinggemeenskap as kerk gebruik, maar dit moes in 1939 plek maak vir 'n gemeenskapsaal. Die behoefte aan 'n gemeenskaplike bymekaarkomplek vir lidmate in die biskopdom was groter as om vir die Kleurlinggemeenskap 'n eie kerkgebou te voorsien.

Die Anglikaanse Kerk, veral aartsdeken A. Temple, was baie bedrywig met sendingwerk onder die Swartmense in die lokasie. Die St. Paul's Anglican Mission Church is later in Munsieville gevestig.[12] Die lekepredikers het ook gereeld dienste in die gevangenis aangebied.

Die Presbiteriaanse gemeente het in 1904 onder leiding van J. Galloway tot stand gekom. 'n Kerkgebou is in 1907 opgerig in Von Brandisstraat. Die gemeente het in 1963 'n plaas in die Magaliesburg-omgewing gekoop met die oog op die oprigting van 'n jeugsentrum. Die "Rocky Valley" sentrum is in 1979 verder ontwikkel om te voorsien in die behoefte aan 'n kerkkonferensiesentrum.[13]

Die eerste Methodiste het hulle in die Krugersdorp-omgewing gevestig in 1880. Na die stigting van die dorp het die gemeente vinnig gegroei. Die hoeksteen van die Wesleyan Methodist Church in Rissikstraat is op 17 September 1897 gelê. Die kerkgebou is in 1910 vergroot. Veranderinge aan die binnekant, was in 1930 en 1960 aangebring.[14]

---

11 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Inligtingsleêr S14, *St. Peter's Church, Krugersdorp Golden Jubilee 1905-1955*, pp.11,12 en 21,22.

12 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S14, *St. Peter's Church*, sd.

13 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P9, *Presbiterian Church*, sd.

14 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M8, *Methodist Church*, sd.

Die Weslyaanse en die Presbiteriaanse Kerk het volgens N.B. Griffen[15] jaarliks gesamentlike oesfeeste gehou. Al die Sondagskoolkinders het dan bymekaar gekom vir die fees.[16]

Die Rooms-Katolieke gemeenskap het in 1991 hulle eeufeesvieringe gehad. Die eerste St. Peter's and Paul kerkie in Rissikstraat was teen 1954 te klein, sodat die lidmate grond in Luipaardstraat by die United Hebrew Institutions of Krugersdorp gekoop het vir die oprigting van die imposante Our Lady of the Rosary Katolieke Kerk (foto no.81). Die groter kerkgebou is in 1958 in gebruik geneem.

Die Rooms-Katolieke Kerk het in 1926 die St. Mary Missionary (foto no.82) in Munsieville onder leiding van Vader O'Leary en Vader Klaeyle gevestig.[17] Die Stadsraad van Krugersdorp het 'n lening aan die kerk beskikbaar gestel vir die oprigting van die sendingkerk en 'n skool. In 1940 het die Stadsraad die aangrensende erf teen 1/ (een sjieling) per jaar as sportgronde aan St Mary's verhuur.[18] Die St. Mary's Sendingkerk is in 1989 herbou en op 16 Desember 1990 ingewy.[19]

Die Krugersdorp Baptiste gemeenskap is in 1889 vanuit Johannesburg deur ds. W.E. Kelly bedien totdat Krugersdorp in 1895 'n volwaardige gemeente gevorm het met 'n eie kerkgebou. Dominee J.W. Jordan was die eerste leraar. Die kerkgebou is tydens die Eerste Wêreldoorlog aan die Heilsleër verkoop. Gemeentelede het daarna 'n nuwe gebou in Krugersdorp-Noord opgerig en heelwat later, toe die gemeente verder uitgebrei het, het hulle 'n nuwe kerk in Noordheuwel gebou.[20]

Die Engelse kerke was feitlik almal aktief bedrywig met sendingwerk onder nie-Christene, veral die Swartmense. In die voorafgaande paragrawe is reeds

---

15 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, RAK, band 2217, *Toeken van standplaas*, 18 Febr. 1905. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K37, *Krugersdorp history*, sd.

16 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/64, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Pastoor H. Lowden, Goedkeuring piekniek, 20 Okt. 1940.

17 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/64, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Vader O'Leary, Verkoop van grond, 14 Jun. 1938.

18 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/64, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Mother Superior, Application for lease, 23 Apr. 1940.

19 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C2, *Catholic Church*, sd.

20 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A4, *Afrikaanse Baptiste*, sd.

verwys na 'n paar van die sendingkerke wat deur hulle gestig is. Die resultaat van die sendingbedrywigheid is dat die religieuse diversiteit onder die Swartmense net so breed is as onder die Blankes, indien dit nie brëer is nie. Kerstening van die Swartmense, veral die myners, is as 'n geleentheid gesien om die evangelie oor Afrika heen te versprei. Myners wat hier gekersten is, het na verstryking van hulle kontrakte na hulle tuisdorpe teruggekeer, hopelik geïnspireer om daar 'n eie skool en kerk te begin.[21]

Die omgekeerde het ook plaasgevind. Swartmynwerkers wat in hulle tuislande gekersten is en daarna op die myne beland het, het dikwels op hulle eie probeer om mede-gelowiges in gebedsgroepe of kerkdienste te organiseer. Sommige het selfs uitgereik na die "heidene" in 'n poging om hulle te kersten. Blanke sendelinge is dikwels na hierde onafhanklike gemeentes genooi vir spesiale dienste of seremonies, insluitende die bediening van die sakramente, terwyl onderlinge gemeenskap, ondersteuning tydens mynongelukke en dood sonder die hulp van die sendelinge behartig is.[22]

Die Apostoliese Geloofsending (AGS) was reeds vroeg na die eeuwending in Krugersdorp met sendingwerk onder die Swartmense bedrywig. Die leer van die AGS is in verskeie kringe as 'n dwaalleer bestempel. Die invloed wat hierdie leer op die "unsophisticated Natives" gehad het, het die Sekretaris van Naturellesake in 1926 bekommer. Die AGS het in hierdie stadium by die Regering aansoek gedoen om as 'n "kerk" erken te word en dat al die voorregte en voordele wat erkenning meebring, byvoorbeeld belastingvrystelling, ook aan die AGS toegeken word. In reaksie op die aansoek het die Sekretaris van Naturellesake aanbeveel dat "...nothing should be done by the Government to strengthen their position in the eyes of the Natives."[23]

Sendingwerk in die mynkamponge het 'n hoogtepunt bereik in die jare direk

---

21 R.E. Phillips, *The Bantu are coming: Phases of South Africa's race problem*, pp.29,30. Kyk ook A. Lea, *The Native separatist church movement in South Africa*, p.17.

22 Tshidiso Maloka, "Missionary Work and the Sotho in the Gold Mine Compounds, 1920-1940", *South African Historical Journal* (31), Nov. 1994, p.31.

23 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, JUS, band 385, verw. 3/644/24, Brief Sekretaris van Naturellesake-Sekretaris van Justisie, 11 Nov. 1926. Kyk ook A. Lea, *The Native separatist...*, p.19, ev.

na die Suid-Afrikaanse Oorlog. In 1920 was ongeveer 26 sendinggenootskappe aktief betrokke die Witwatersrand. Volgens T. Maloka was ongeveer 18000 Swartmense in 1904 op die een of ander wyse by Christelike sendingkerke betrokke. Teen 1926 was 26% van die Swartmense gekersten en in 1946 het die persentasie verdubbel na 52.6%.[24]

'n Sendingdiens van die American Zulu Mission in 'n Johannesburgse mynkampong word deur Phillips[25] beskryf. Tydens die spesifieke geleentheid het ongeveer 4000 Swartmyners op 'n sentrale oop terrein in die kampong vergader. Hiervan was ongeveer 50 persone gekersten. Psalms en geestelike liedere is vir 'n lang ruk gesing, gevolg deur mondelinge getuienisse deur die gekerstendes. Die getuienisse is deur tolke in Zulu en Portugees, die taal van die Oos-Afrikalande, vertaal. Die sendeling, dr. R. Bridgeman, het daarna musiek op sy draagbare grammofoon voorgespeel. Dit is gevolg deur die prediking, wat deur twee tolke in verskillende tale oorgetolk is. Daarna was daar 'n oproep vir nuwe bekeerlinge om na vore te kom. Aan die nuwelinge is verduidelik dat hulle gereeld kerkklasse moet bywoon en as hulle daarmee volhou, dan sal hulle in die gemeenskap van die kerk opgeneem word. Die diens is afgesluit met die voorspeel van musiek op die grammofoon en die sing van geestelike liedere.[26]

Swart teenstand teen die Christendom het in die stede ontstaan. Die ekonomiese rol van die Swartmense het hulle nie in die welvaart laat deel nie, en dit is nie wat hulle in die sendingstasies geleer het nie. Die Blankes was nie mededeelsaam in hulle welvaart nie. Die Blankes se dade het nie gespreek van wat daar aan hulle voorgesê was nie. Politieke en sosiale diskriminasie het hulle in Swartwoonbuurte geplaas met geen ontspanningsgeriewe nie. Die huisbediende moes werk sodat die huisvrou kerk toe kon gaan, terwyl die voorreg die bediende dikwels ontsê is.[27]

---

24 Tshidiso Maloka, "Missionary work and the Sotho ...", *South-African Historical Journal* (31), Nov. 1994, p.29.

25 Rae E. Phillips is 'n sendeling van die American Mission wat aan die Witwatersrand onder Swartmynwerkers die evangelie verkondig het. Phillips se bydrae tot die skrywe van stedelike geskiedenis geniet wye erkenning.

26 R.E. Phillips, *The Bantu are coming*..., p.29,30.

27 R.E. Phillips, *The Bantu are coming*..., pp.35,36.

Volgens Hoffmeyer en Pillay[28] het die Suid-Afrikaanse Oorlog die verhouding tussen Blank en Swart beïnvloed. Swartmense is in die oorlog tussen die twee strydende magte vasgevang en na die oorlog het dit geen verskil meer gemaak of die Blanke Afrikaans- of Engelssprekend was nie. Onderdanigheid was in die oë van die Swartmense 'n tydelike fase totdat hulle opgevoed is om hulle regmatige plek in die samelewing in te neem. Die opvoedingstaak is deur die Blanke sendingkerke behartig. Die enkele Swartmense wat reeds opvoeding ontvang het, het gefrustreerd begin raak met die politieke en sosiale beperkinge en die feit dat hulle as burgers van die land geen stemreg gehad het nie. Die gevolg hiervan was die ontstaan van die onafhanklike Afrika kerke.

Hofmeyer en Pillay wys daarop dat Etopianisme en die Afrika onafhanklike kerke 'n nalatenskap van die Suid-Afrikaanse Oorlog is. Etopianisme het ontstaan in reaksie teen die sendingwerk van die Weslyaanse en Nederduits Gereformeerde Kerk in 'n poging om godsdiens onder die beheer van tradisionele leiers te bring. Die African Methodist Episcopal Church (AMEC) wat in 1897 tot stand gekom het, is 'n voorbeeld van die teenreaksie wat ontstaan het onder die Swartmense. Die AMEC is deur die ZAR-regering as 'n kerk erken, en daarom wou die kerkleiers na 1902 die kerk gebruik om hulle onderhandelingsmag met die koloniale regering te verhoog. Die AMEC het onder die slagspreuk: "God is our Father, Christ is our Redeemer, Man is our brother" 'n groot aanhang in Suid-Afrika opgebou.[29]

Die kerk het baie vinniger Swartmense as gemeenskapleiers geproduseer as die sendingkerke. Die Swartkerkleiers en -evangeliste was van die bes opgeleide persone in die Swartgemeenskappe. Op grond van hulle status as kerkleiers, het hulle ook as gemeenskapsleiers opgetree, en dikwels met die owerheid onderhandel. Onder die gemeentelede is die kerkleiers gerespekteerde persone. Die gemeenskap verwag van die kerkleier om as sosio-politieke leier namens hulle op te tree.[30]

---

28 J.W. Hofmeyer en G.J. Pillay (Ed), *A History of Christianity in South Africa*, Vol.1, pp.167-169.

29 TAB, Pretoria, SNA, band 28, verw. 938/1902, Brief Luke M Mokona-Secretary of Native Affairs, 9 Aug. 1902.

30 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K2, *Kagiso*, sd.

Hofmeyer en Pillay gaan voort deur daarop te wys dat die Etiopiese kerke se wins veel groter was as 'n blote bevryding van Blanke religieuse en kerklike dominasie. Sosio-politieke vraagstukke het teen die einde van die Suid-Afrikaanse Oorlog die deurslaggewende rede vir die ontstaan van onafhanklike Afrika kerke geword. Die samelewing buite die kerk het min geleentheid gebied vir die ontwikkeling van Swartmense se politieke ideale. Die gevestigde kerkstrukture is daarom deur sommige Swartmense gebruik vir die vestiging van 'n weerstandsbeweging. Dit was sendingstasies wat deure vir Swartmense geopen het deur hulle in die struktuur van die kerk op te neem. Dieselfde struktuur het aan die Swartmense die geleentheid gebied om op politieke terrein weerstand teen Blanke dominasie te bied.[31]

Reeds in die eerste dekade van die twintigste eeu het Swart-evangeliste begin om die sendingstasies en kerkfunksies by die Blanke sendelinge oor te neem. In plaas daarvan om te verander na die Westerse siening van die Christendom, of om af te sien van die tradisionele rituele, het hulle liewer oorgegaan tot konformasie en aanpassing van die Christendom by die tradisionele gebruike en nie omgekeerd nie.

Die meerderheid van die Swartgemeenskap van Krugersdorp behoort aan die gevestigde Christelike denominasies, naamlik die Methodiste-, Anglikaanse-, Lutherse-, Presbiteriaanse-, Rooms-Katolieke- en NG-Kerk. Twintig persent van die gemeenskap is aanhangers van onafhanklike Afrika kerke. Die grootste getal behoort tot die Zionistiese kerke. Die onafhanklike kerke in Kagiso en Munsieville sluit die volgende denominasies in: die Apostolic Faith Mission, die Full Gospel Church, die Assemblies of God in South Africa, die African Methodist Episcopal Church, Church of Scientology, Congregational Church, Independant Congregational Church, New Church, Christian Catholic Apostle Church of Zion, Pentacostal Holyness Church, African Mission Society en Hermanusberg Mission Society .[32] Die liturgie van hierdie onafhanklike kerke maak ruimskoots gebruik van warmte, empatie en gevoelsmeelewing deur middel van danse en ritmiese bewegings. Gebed word

---

31 A. Lea, *The Native separatist...*, pp.19,49.

32 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr K2, *Kagiso*, sd, en inligtingsleêr M22, *Munsieville*, sd.

hardop en gesamentlik gedoen. Sang sluit aan by tradisionele melodieë. Die kerkregeringsvorm is hiërargies en sluit aan by die oorspronklike stamstrukture, met die leraar in die posisie van die opperhoof. Genesingspraktyke sluit aan by die tradisionele holistiese benadering en die profeet neem die plek in van die tradisionele medisyneman. Die genesingsmetodes wat hy volg sluit aan by die tradisionele metodes. Die onafhanklike kerke vorm nuwe sosiale gemeenskappe waar lidmate mekaar ondersteun en beskerm. Tradisionele simbole kry daarin 'n nuwe inhoud en betekenis, byvoorbeeld die sirkel wat eenheid aandui, wapperende vlae simboliseer die beweging van die gees, kleure is simbole van vrugbaarheid en reinheid, en die staf wat gesag aandui, ensovoorts. Die wyse waarop die onafhanklike kerke poog om die christendom met die mitiese godsdiens te versoen, is tekenend van die worsteling van die Swartmense om 'n Christendom met 'n eie Afrika-identiteit te ontwikkel.[33]

Kerklike bedrywighede het met verloop van jare 'n belangrike vorm van vryetydbesteding in Swartgemeenskappe geword. Reeds in 1960 is bevind dat "kerksake" hoofsaaklik deur Swartvroue beoefen word. Swartvroue hou gereeld Bybelstudie. Behalwe die Sondag-eredienste kom vroue ook gereeld een dag per week byeen vir die bespreking van kerksake, hulpverlening aan mekaar, geestelike verryking en gesellige verkeer.[34] Grobler wys daarop dat dit gebruiklik geword het dat elke vrouevereniging 'n uniform verkry het. Die dra van kerklike uniforms op Sondae en bepaalde dae in die week is 'n bekende gesig in Krugersdorp. Grobler merk ook op dat Westerse kerkmusiek 'n mate van populariteit onder Swartmense verwerf het, hoofsaaklik omdat dit by sendingskole op baie van die Swartmense afgedwing is.[35] Die spontane sing van geestelike liedere tydens 'n Kultuurdag wat deur die Krugersdorp Museum vir bejaardes van Krugersdorp aangebied is, bevestig dat kerkmusiek en die sing van geestelike liedere 'n integrale deel van die Swartmense se kulturele uitlewing geword het.

33 D. Crafford, "Tradisionele godsdienste in Afrika", P. Meiring (red.), *Suid-Afrika: Land van baie godsdienste*, p.25.

34 Die naaldwerkgroep wat deur die Gereformeerde Kerk Krugersdorp aangebied word op 'n Woensdagmiddag, sluit aan by hierdie gebruik van Swartvroue. Die ontstaan van die naaldwerkgroep word later in die hoofstuk bespreek.

35 J. Grobler, "Ontspanning in die Suid-Afrikaanse Swartgemeenskap: 'n Kultuurhistoriese perspektief", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, pp.330,332,333.

Van die Afrikaanse Kerke is dit hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, die NG-Kerk wat deur sy "Sendingkerk" met die kerstening van die Swartmense in Munsieville en Kagiso betrokke was. Die Stadsraad het in 1905 'n standplaas in Munsieville aan die kerk toegeken vir 'n kerkgebou en pastorie[36] (foto no.33). Die NG-Kerk het die Krugersdorp Stadsraad in 1958 versoek om namens die kerk aansoek by die Departement Nie-Blankesake te doen vir die toekenning van erf 1774 in Kagiso vir die oprigting van 'n sendingkerk. Die gebou is in 1960 voltooi. Die NG-Kerk het in navolging van die politieke segregrasie van die landsregering, 'n beleid van afsonderlike aanbidding, toegepas. Die Kerkraad van die NG-Kerk, Krugersdorp-Wes, het in 1964 byvoorbeeld ernstig beswaar aangeteken teen die optrede van die koor van die Bruingemeenskap in die kerkgebou tydens 'n streekkonferensie van die Transvaalse Vroue Sendingvereniging (TVSV). Die Kerkraad is nie vooraf van die koor se optrede in kennis gestel nie. Daarby was daar ook 'n bepaling in die kerkverordeninge dat slegs die orrelis die orrel mag bespeel het, wat die ootreding van die TVSV 'n dubbelle oortreding in die oë van die Kerkraad gemaak het. Die beperking op die bespeel van die orrel is in 1967 opgehef, maar toegang tot die kerkgebou en gesamentlike aanbidding is eers in die negentigerjare na lang kerklike vergaderinge deur die breër kerkverband "oopgestel".[37]

Lidmate van die NG-Kerk is voor 1890 vanuit Pretoria bedien. Die gemeente in Krugersdorp is op 7 Junie 1890 gestig, met ds. H.C.J. Becker as eerste leraar. Gemeentelike byeenkomste is aanvanklik in die voorhuis van M.W.P. Pretorius gehou en later in die pasvoltooide skool. Standplase 313 tot 316 en 281 tot 288 is in 1892 deur die Regering aan die kerk toegeken vir die oprigting van 'n kerkgebou (foto no.84) en as uitspanning. Die gemeente het vinnig gegroei. Roodepoort het reeds in 1905 afgestig en Magaliesburg in 1910, gevolg deur Randpoort in 1918. Die NG-Kerk Burgershoop in Krugersdorp-Wes is op 26 Oktober 1920 afgestig.[38] Verskeie ander

---

36 TAB, Pretoria, RAK, band 2217, verw. 262/4277/05, Brief Stadsklerk-NG-Kerk Krugersdorp, 17 Febr. 1905.

37 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N13, *NG Gemeente, Krugersdorp-Wes*, sd.

38 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N12, *NG Gemeente Feesalbum* en inligtingslêer N13, *NG Gemeente Krugersdorp-Wes*, sd.

gemeentes in Krugersdorp is later ook van die "moedergemeente" afgestig sodat daar vandag nege gemeentes van die NG-Kerk binne die munisipale grense van Krugersdorp val.

Die sendingtaak was ook gesien as die verantwoordelikheid van die breë kerkverband. In die geval van die Gereformeerde Kerk is kollektes gereeld tydens eredienste gehou vir die kerk se sendingaksie noord van Pietersburg. Dit was nie voor die vyftigerjare dat daar na plaaslike sendingbehoeftes omgesien is nie. Dat daar vrug op die Gereformeerde Kerk se sendingwerk was, blyk uit die totstandkoming van die Gereformeerde Kerk Kagiso in 1958. Sedertdien is die band tussen die Gereformeerde Kerk Krugersdorp en die gemeente in Kagiso behou deur middel van die werksaamhede van verskillende kommissies. In 1992 het die Evangelisasiekommissie hulle werksaamhede uitgebrei deur naaldwerkklasse aan Swartvroue aan te bied. Saam met die Evangelieboodskap leer die vroue om vir hulle self en hulle gesinne klere te maak en op so 'n wyse besparing in finansiële uitgawes te bewerkstellig.[39]

Die Gereformeerde Kerk Krugersdorp het in 1896 tot stand gekom nadat lidmate van Hekpoort 'n versoekskrif aan die Gereformeerde Kerk Rustenburg gerig het. Die Algemene Vergadering het besluit dat die gemeente te Krugersdorp gestig moes word. Die gemeente het uit twee wyke bestaan, naamlik Hekpoort en Hoëveld. Die eerste wyk in Krugersdorp is eers na die Suid-Afrikaanse Oorlog gestig. Die gemeente het aanvanklik wyksdienste gehou. Grond vir 'n eie kerkgebou is in 1898 in die Distriksdorp aan die gemeente toegeken, tesame met die plase "Vrye Gunst" in die distrik Piet Retief en "Nooitgedacht" in die Rustenburg-distrik,[40] maar die kerkgebou kon eers in 1904 opgerig word (foto no.85) weens die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog.

---

39 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G5, *Die Gereformeerde Kerk Krugersdorp. Eeuwording 1896-1996*, p.32.

40 B.R. Kruger, *Die ontstaan, ontwikkeling en betekenis van die Gereformeerde Kerk op die Witwatersrand*, pp.16,17.

Die Gereformeerde Kerk Krugersdorp het "van tenger loot tot ware wingerdstok"[41] gegroei. In die beginjare het die gemeente met moeilike vraagstukke te kampe gehad. Verstedeliking en 'n vrysinnige lewenswyse het die lidmate afvallig van die kerk gemaak. Daarom was evangelisasie onder die "afgedwaalde" Afrikaner 'n saak van erns wat reeds sedert die stigting van die gemeente die persoonlike aandag van ds. M. Postma, eerste predikant, geniet het. Die taak is later deur die breër kerkverband aan die Witwatersrand oorgeneem. 'n Skema met 'n meer sistematiese werksmetode is vir die evangelisasiewerk opgestel, wat 'n ondersoek na die omstandighede van die afgedwaaldes behels het, asook hulle persoonlike eienaardighede, hulle antipatie teen die kerk, hulle teruggetrokkenheid vanwëe armoede of ander ellende van die lewe, hulle moedeloosheid of onverskilligheid, hulle sonde wat hulle in die moeras laat beland het, ensovoorts.[42]

Die diakonale versorging van die Gereformeerde Kerk is reeds in die eerste dekade na die stigting van die gemeente gestruktureer. Kollektes vir die versorging van armes word vandag nog elke Sondag onder die erediens ingesamel. Die inkomste van 'n tweede kollekte by die deure word vir die een of ander kerklike saak aangewend. Armeversorging was die verantwoordelikheid van die gemeente. Die diakens is verantwoordelik om die middele wat die gemeente voorsien, aan die armes uit te deel. Die vrouelidmate het hulleself in 'n "Dorkasvereniging" georganiseer,[43] waardeur hulle middele vir die armes ingesamel het. Die Dorkasvereniging het later ontwikkel in die Gereformeerde Sustersorganisasie. Laasgenoemde speel vandag nog 'n belangrike rol in die gemeente met die fokus op die geestelike toerusting van die vrou.

Die Gereformeerde Kerk het nie alleen gestaan in die stryd teen die maatskaplike verval en armoede wat met die verstedelikingsproses verband hou nie. Die NG-Kerk en die NH-Kerk het ook deur middel van hulle "barmhartigheidsdiens" ondersteuning aan arm gemeentelede verleen. Die

41 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G5, "van tenger loot tot ware wingerdstok" is die slagspreuk van die gemeente se eeufeesvieringe.

42 B.R. Kruger, *Die ontstaan, ontwikkeling en betekenis van die Gereformeerde Kerk op die Witwatersrand*, pp.62-66.

43 Volgens Handelinge 9:36 was Dorkas of Tabita 'n vrou van Lidda naby Joppe wat "altyd besig was om goed te doen en die armes te help."

NH-Kerk het in 1953 'n "werkklas" in Burgershoop gestig waar vroue geleer is om klere te maak en klere te herstel. Die werkklas is gesubsidieer deur die Departement Volkwelsyn. Die werkklas het in 'n groot behoefte in die gemeente voorsien en moeders en kinders produktief besig gehou met die maak van nuttige artikels wat teen 'n wins verkoop is. Die werkklas het in die sestigerjare doodgeloop, hoofsaaklik omdat die Departement Volkswelsyn 'n meer probleemgerigte benadering tot maatskaplike probleme begin volg het en die subsidiering van die werkklas onttrek het.[44]

Die NG-gemeente, Krugersdorp-Wes was in besonder deur die nood van die armblankes binne sy gemeentegrense geraak. Werkloosheid en maatskaplike ellende dwing die Kerkraad om in 1934 die Krugersdorp Stadsraad te versoek om "armhuisies" te bou vir die mense wat in die nood van die depressie vasgevang was. Die ontwikkeling van die Appelpark sub-ekonomiese behuisingsgebied in Burgershoop het die nood van die gemeenskap ietwat verlig,[45] maar nie opgelos nie, want die kerkraad het 'n gemeentelike liefdadigheidsorganisasie in 1942 by die Departement Volkswelsyn geregistreer.[46]

Die woningnood in die gemeente het hoog gebly. Die kerkraad het derhalwe in 1952 besluit om self die probleem aan te spreek en 'n woonstelblok op die hoek van Flemming- en Windramstrate in Krugersdorp-Wes, op te rig. Vir hierdie doel het hulle die Krugersdorp-Wes Utiliteitsmaatskappy, wat die woonstelblok sou oprig en bestuur, gestig en aansoek by die Stadsraad ingedien vir die hersoenering van erwe 820 en 830. Die eerste inwoners van Van Heerdenhof het in Desember 1956 ingetrek.[47] Die NG-gemeente Luipaardsvlei het die voorbeeld van Burgershoop gevolg en in 1968 die Pro Ecclesia Nutsmaatskappy gestig met die oog op die oprigting van 'n tehuis

---

44 K. Papp, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp, 1891-1991*, pp.53,54.

45 Verwys na Hoofstuk 4 vir inligting oor Appelpark.

46 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N13, *NG Gemeente Krugersdorp-Wes*, sd.

47 Die woonstelle is vernoem na ds. J. van Heerden, vader van die gedagte om ekonomiese woonstelle op te rig en die eerste voorsitter van die Utiliteitsmaatskappy.

vir bejaardes. Die Luipaardsvlei Ouetehuis is op 2 Februarie 1975 in gebruik geneem.[48]

Die NH-Kerk het reeds in 1922 besluit om 'n weeshuis vir die kerk in Krugersdorp te bou. Die eerste drie kinders, twee uit Krugersdorp en een van Lichtenburg, is in Oktober 1923 tot die weeshuis toegelaat. Teen 1938 het die kinderhuis 146 kinders gehuisves. Die behoefte vir 'n groter, beter toegeruste huisvesting het gelei tot onderhandelinge met die Stadsraad van Krugersdorp en die oprigting van 'n nuwe gebouekompleks noord-oos van Kroningspark. Fondse is deur bemiddeling van die Departement Gemeenskapsbou bekom. Die kinderhuis is vernoem na ds. Jac von Belkum, eerste konsulent van die NH-Gemeente Krugersdorp.[49]

Die NH-Kerk, Krugersdorp is op 1 November 1891 deur ds. Jac van Belkum van Rustenburg gestig. Volgens Papp het die eerste kerkviering in die Magaliesberg-Hekpoortgebied reeds op 21 Desember 1848 op die plaas Hekpoort van Gert Kruger plaasgevind. Die kerkdienste was by hierdie geleentheid gelei deur dr. P.E. Faure en dr. W. Robertson van die "Kaapse Kerk". Die opkoms na die kerkviering was groot. Altesaam 109 volwassenes het belydenis van geloof afgelê en 233 kinders is gedoop.[50] Die eerste kerkgebou van die NH-Gemeente Krugersdorp is in 1897 gebou, maar in 1935 vervang met 'n sierlike sandsteengebou na die ontwerp van Gerhard Moerdyk (foto no.86). Die koepelvormige toring van die kerk is 'n landmerk in die Sentrale Besigheidsdistrik.[51] Dominee J.J. Kühn, 'n boorling van Krugersdorpdistrik, is op Sondag 9 Mei 1909 as die eerste predikant van die gemeente bevestig. Kühn is saam met J.J. Prinsloo die eerste studente wat deur die NH-Kerk in Transvaal as predikant opgelei en tot die

48 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N11, *West Rand Times*, 6 Jan. 1978.

49 K. Papp, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp...*, pp.36,37. Kyk ook TAB, Pretoria, TPB, band 1319, verw. TA 10/10876 en TA 11/4991 vir korrespondensie insake die befondsing en bou van die Jac von Belkum-kinderhuis.

50 K. Papp, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp...*, p.4.

51 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N8, *Nederduitsch Hervormde Kerk*, sd. Kyk ook K. Papp, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp...*, p.12.

evangeliebediening toegelaat is.[52]

Die Afrikaanse Kerke het sedert die vroegste jare van hulle bestaan die opvoeding van die jeug op die hart gedra en 'n hartlike samewerking tussen die kerk en die skool bewaar. Daar is reeds verwys na die verskillende gemeentes se betrokkenheid by die stigting van skole in Krugersdorp. Onderwysers het op die kerkraad gedien en as katkisasie-meesters opgetree. Die kerk kon sodoende sy invloed regstreeks in die skool laat geld. Die kerk het ook lidmate, wat onderwysers wou word, finansieel gesteun.[53] Die NG-gemeente Burgershoop het byvoorbeeld in 1939 die Stadsraad versoek om plaaslike skoliere wat aan die Universiteit van Potchefstroom wil studeer, ook finansieel te steun soos wat die geval was met studente wat aan die Witwatersrandse Universiteit gestudeer het. Die Stadsraad het die versoek van die gemeente gesteun, wat 'n toename in Afrikaanssprekende studente wat verder studeer het, tot gevolg gehad het.[54]

Gemeentelede en Kerkrade het ywerig deelgeneem aan onderwyskongresse en byeenkomste van Sinodale kommissies vir opvoeding en onderwys in die bevordering van onderwys in Afrikaans. Sake soos Bybelonderrig op skool, behoud van ouerregte, skoolraad en skoolkommissieverkiesings, openingsdag van skoolkwartale en leiding aan skoolverlaters het die aandag van kerkrade en gemeentelede geniet. Onderwys sonder nasorg van die kerk is as onvolledige opvoeding gesien. Vir die behoud van die kinders moes die kerk die taak van die skool aanvul met Christelike jeugaksies, aktiwiteite en uitstappies vir die jong lidmate.[55]

Die predikante van die verskillende Afrikaanse Kerke en gemeentes het op verskeie terreine van die samelewing 'n leidende rol gespeel en 'n invloed

---

52 Kühn en Prinsloo is sedert 1906 deur prof. P.J. Muller van die NH-Kerk in Pretoria opgelei en op 14 April 1909 deur 'n kommissie bestaande uit prof. Muller, en di. Jac von Belkum, L.E. Brandt, M.J. Goddefroy en Ennis geeksamineer en tot die evangeliebediening toegelaat. K. Papp, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp...*,, pp.23-25.

53 J.H. Dippenaar, *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp 1887-1939* (ongep. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO, 1953), pp.61-63.

54 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtinglêer N12, *N.G. Gemeente feesalbum*, sd.

55 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêers N12, *NG Gemeente feesalbum*, sd., inlintingslêer N11, *NG Gemeente Luipaardsvlei*, sd. en inligtingslêer N13, *NG Gemeente Krugersdorp-Wes*, sd.

gehad op die gemeente en die gemeenskap se betrokkenheid by kulturele gebeure soos die 1938-Simboliese Ossewatrek en Dingaansfeeste by Paardekraal.[56] Dominee H.C.J. Flemming van die NG-gemeente Burgershoop was byvoorbeeld voorsitter van die skoolkommissie van die Krugersdorp-Wes Afrikaansmedium Juniorskool. Hy het gereeld leiding geneem by skoolfunksies en skoolliedere gedig vir die Laerskool Burgershoop, Krugersdorp-Wes Afrikaansmedium Juniorskool en die Kerkstraatskool, en ook vir die Laerskool Potgietersrus.[57] Ds. Chris Hattingh van die Gereformeerde Kerk het as Stadsraadslid en later as burgemeester 'n rol gespeel in die munisipale ontwikkeling van Krugersdorp. Hy was ook 'n Provinsiale raadslid in 1970 tot 1974.[58] Ds. Kalman Papp van die NH-Kerk was vir baie jare 'n leiersfiguur by die Paardekraal Geloftefeeskomitee.[59] Predikante het dikwels saam met onderwysers die leierelement in die Afrikaner kultuurlewe gevorm. Die kerk en die skole het saam met die kultuurverenigings 'n onmisbare rol gespeel om die Afrikaner in die stad te vestig. Die maatskaplike versorging van die verarmde Blanke in die stede vorm 'n belangrike kenmerk van die kultuur-aktiwiteite waarby die kerk aktief betrokke was.[60]

Die verskillende kerke het nie hulle verantwoordelikheid teenoor die samelewing verwaarloos nie. Die verskillende kerke en gemeentes het gesamentlik en afsonderlik hulle uitgespreek teen verskeie "openbare" sondes soos dans, dobbel, Sondagsport, hondewedrenne, ensovoorts, en teen maatskaplike euwels soos drankmisbruik.

Die NG-Kerk het hom in 1939 uitgespreek teen 'n staatslotery en ook verhoed dat 'n hondewedrenbaan in Krugersdorp geopen word. Sondagsontheiliging in Kroningspark en die beoefening van Sondagsport op die Wanderers, veral sokker, het keer op keer gelei tot protesbriewe aan die

---

56 Die 1938-Simboliese Ossewatrek en die Paardekraal Geloftefeeste word afsonderlik onder die "Volksfeeste" , hoofstuk 7 bespreek.

57 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N12, *NG Gemeente feesalbum*, sd.

58 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N2, *Nasionale Party*, sd.

59 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer F2, *Festivals*, sd.

60 P.H. Kapp, "Afrikaanse kultuurverenigings as kultuurverskynsels," *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis*, Vol.6, No.2, pp.72,73.

Stadsraad. Daar is ook beswaar aangeteken teen die Shirley Temple- en Popeye-bioskoopklubs vir kinders omdat dit die kinders tot "vreemde" kulture beïnvloed het. Die Kerkraad van die NG-gemeente Burgershoop het 'n skrywe in 1938 aan die Stadsraad gerig waarin hulle beswaar gemaak het teen die oprigting van drankwinkels in Kugersdorp-Wes en die maklike wyse waarop dranklisensies toegeken word. Daar was na hulle mening reeds meer as genoeg drankfasiliteite in die gemeenskap. Die toekenning van meer dranklisensies sou die maatskaplike insinking en drankmisbruik vererger en bydra tot die godsdienstige, sedelike en ekonomiese verval van die gemeenskap.[61]

Die Grieksprekende gemeenskap aan die Wesrand het in 1989 die St. Andrews Greek Orthodox Church in Noordheuwel, Krugersdorp feestelik toegewy aan God. Die wyding van die kerk was behartig deur die Partriarg van Alexandria in Afrika, Parthenios III, en die Aartsbiskop van Pretoria en Johannesburg, Paul Lingris. Die wydingsdiens was in die vorm van 'n doop en seënspreking by die altaar en gebede tot die heiliges om die kerk aan God toe te wy. Die aartsbiskop het na die diens die ingang van die kerk geseën met heilige olie en daarna 'n altaarkleed aan die gemeente oorhandig. Die ingebruikneming van die kerk is met tradisionele Griekse danse, uitgevoer deur die Hellenic Cultural Movement, afgesluit.

Die Wesrand het 'n groot Grieksprekende gemeenskap. Die nood aan 'n eie kerk is reeds in 1969 geïdentifiseer. 'n Komitee onder leiding van mnr. A.Z. Hajipaalow het sedertdien fondse vir die kerkboufonds ingesamel deur middel van feeste, markte, kompetisies en danse. Die hoeksteenlegging van die kerk in Noordheuwel was in 1973. Alhoewel die gebou eers in 1989 toegewy is volgens die Grieks-Ortodokse tradisie, het gemeentebyeenkomste sedert die voltooiing van die gebou in die sewentigerjare gereeld daarin plaasgevind.[62]

Die eerste drie gesinne van die Sewendedag Adventiste het hulle in 1926 in Krugersdorp gevestig. Die gesinne het dadelik begin om lidmate in 'n

---

61 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N11, *NG Gemeente Luipaardsvlei*, inligtingslêer N12, *NG Gemeente feesalbum* en inligtingslêer N13, *NG Gemeente Krugersdorp-Wes*, sd.

62 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer G12, *Greek-Orthodox Church*, sd.

gemeente te organiseer. Die gemeente is in 1928 amptelik gestig. Kerklike byeenkomste was aanvanklik in die Houtwerksaal van die Vrymesselaars gehou. Die gemeente het in 1947 die ou Joodse Sinagoge gekoop as eerste kerkgebou. Dienste was in Engels en Afrikaans. In 1965 het die gemeente besluit om twee afsonderlike gemeentes te vorm. Die Afrikaanssprekende gemeentelede het die ou Rooms-Katolieke Skool in Burgerstraat gekoop en as kerkgebou ingerig. Die Engelssprekende gemeentelede het 'n nuwe kerkgebou in Krugersdorp-Noord opgerig, en in 1973 in gebruik geneem. Die Afrikaanssprekende gemeente het in 1974 erwe in Dan Pienaarville gekoop, waar hulle 'n uitgebreide kerkkompleks opgerig het. Die kompleks in Burgerstraat het hulle aan die Heilsléer verkoop.[63]

Die Heilsléer het in 1909 hulle eerste sentrum in Sivewrightstraat geopen. Hulle het ook 'n sentrum in Markstraat bedryf voordat hulle die "Goodwill House" in Burgerstraat (foto no.87) gevestig het in die kompleks wat hulle by die Sewendag Adventiste oorgeneem het. Die Goodwill House verskaf huisvesting, kos en klere aan persone in nood. Dit was 'n uitkoms en heenkome vir baie mense, maar die Goodwill House het spoedig te klein geword om in al die behoeftes te voorsien. Teen 1990 was die sentrum oorbenut en talle gesinne moes deur die Heilsléer weggewys word omdat daar geen huisvesting vir hulle was nie. Vertoë is daarom aan die Stadsraad gerig om die stel geboue wat die Bantoe-administrasieraad in Dan Pienaarville gebruik het, aan die Heilsléer toe te ken. Die nuwe sentrum is in 1991 in gebruik geneem. Die Goodwill House en die nuwe sentrum word saam deur die Heilsléer bedryf.[64]

Die Heilsléer het in 1986 'n "Mountain Lodge" by Magaliesburg gevestig as 'n rehabilitasie- en versorgingsentrum. Huisvesting word hier gegee aan hulpbehoewende en geestelik versteurde mans wat nie deur hulle families versorg kan word nie. Die inwoners word met selfhelptake en 'n terapie program besig gehou.[65]

---

63 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S7, *Seventh Day Adventist*, sd.

64 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S3, *Salvation Army*, sd.

65 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S3, *Salvation Army Mountain Lodge*, sd.

## 9.2. JUDAÏSME

Krugersdorp het 'n groot Joodse gemeenskap gehad wat in die beginjare van die dorp op feitlik elke terrein van die samelewing hulle stempel afgedruk het. Die eerste Jode het kort na die eerste Britse besetting van die Kaap (1806) na Suid-Afrika gekom en hulle mettertyd ook in die noordelike provinsies gevestig.[66]

Abner Cohen[67] was die eerste Jood wat hom in Krugersdorp gevestig het. Meer Joodse families het hulle mettertyd in die groeiende dorp gevestig. Die "Hebrew Congregation" is in 1894 gestig onder die naam "Krugersdorp and West Rand Hebrew Community" met Cohen as eerste president. Cohen het twee standplase aan die gemeenskap geskenk vir die oprigting van 'n sinagoge, maar die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog het die fondsinsameling en bouwerk vertraag.[68]

*The Standard*[69] van 19 September 1903, het oor die inwyding van die West Rand Synagogue (foto no.88) berig. Die opening is waargeneem deur H. Freeman-Cohen, Rabbi Dr. J.H. Hertz en Rabbi Dr. J.L. Landau, bygestaan deur S. Manne en W. Woolf. Spesiale treine is vanaf Johannesburg na Krugersdorp gereël vir die geleentheid wat deur honderde Jode vanoor die hele Witwatersrand bygewoon is. In hierdie stadium het Krugersdorp ongeveer 25 Joodse families gehad. Die opening van die sinagoge is na die wydingsdiens feestelik afgesluit met 'n bal in die winkel van Cohen.

'n Tweede sinagoge, bekend as Beth Hamedrash, vir die Ortodokse Jode wat die Joodse leerstelling baie meer nougeset navolg, is op 13 September 1903 onder leiding van B. Jaffe geopen. Die inwyding is waargeneem deur Friedgroot en Jaffe, bygestaan deur rabbi I.B. Menkin. Die verrigtinge is aan huis van Jaffe afgesluit met die gebruik van verversings. Jaffe het tydens hierdie geleentheid die dienste van Menkin as "prinsipaal" van die gemeente

66 P.G.J. Meiring, "Judaïsme: Daar is net een God", P. Meiring (red.), *Suid-Afrika: Land van baie godsdienste*, p.98.

67 Abner Cohen was 'n Joodse handelaar wat hom in 1887 aan die voet van die Paardekraal-klipstapeling gevestig het. Kyk hoofstuk twee vir meer besonderhede.

68 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer N7, *New and Old Synagogue*, sd.

69 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard*, 19 Sept. 1903.

beklink. Die mikvak en ander instellinge wat nodig is vir die uitlewing van ortodokse Judaïsme, is ook tydens die funksie verseker. Die eerste raad vir die sinagoge het bestaan uit I. Seehof (president), J. Milner (ere-sekretaris) en B. Jaffe, M. Cohen, R. Jaffe, S. Pagnok, B. Benjamin, J. Lens en B. Cartoon as raadslede. Die getal ortodokse Jode het na 'n aantal jare sodanig verminder die Beth Hamedash is gesluit het. Die oorblywende ortodokse Jode het by die West Rand Synagogue ingeskakel.

Die Joodse gemeenskap het van krag tot krag gegroei. Die behoefte aan 'n groter kompleks, wat ook voorsiening maak vir 'n Joodse skool en kleuterskool, het in 1968 'n hoogtepunt bereik met die inwyding van 'n nuwe sinagoge in Monumentdorp. Die laaste byeenkoms in die ou sinagoge is gehou op 16 Augustus 1968. Die diens is gelei deur rabbi E.N. Kaye MA. Die volgende dag het twee verdere dienste in die ou sinagoge plaasgevind, waarna die *Sifree Torah* uit die sinagoge verwyder en seremonieel na die nuwe sinagoge oorgeplaas is. Hiermee het die ou sinagoge opgehou om te bestaan en het die nuwe sinagoge bestaansreg gekry. Die wydingsdiens van die nuwe sinagoge is gelei deur hoofrabbi B.M. Casper. Rabbi E.N. Kaye is ook tydens hierdie geleentheid as rabbi vir Krugersdorp georden. Die inwyding van die nuwe sinagoge is bygewoon deur senator Jan de Klerk, Minister van Onderwys. Die Joodse gemeenskap was in hierdie stadium 1000 sterk. Van die 300 Joodse families in Krugersdorp was 244 lede van die United Hebrew Institutions.[70]

Die sinagoge is die plek waar die Jode bymekaar kom om hulle geloof in die openbaar te beoefen. Die sinagoge het deur die jare 'n belangrike plek in die lewe van elke Jood ingeneem. Die sinagoge speel 'n onvervangbare rol in die bewaring en ontwikkeling van Judaïsme en Joodse tradisies Judaïsme is 'n lewenswyse. Dit het meer te make met die lewe van die gelowige as die leer wat hy aanhang. Dit is nie op 'n belydenisskrif gebou nie, maar op die Wet van God, die riglyn vir 'n mens se lewe elke dag. Meiring[71] haal die volgende as hoofpunte van die Joodse geloof aan:

70 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers...*, inligtingslêer N7, *New and Old Synagogue* sd., en inligtingslêer J4, *Jewish community*, sd.

71 P.G.J. Meiring, "Judaïsme...," pp.106,107.

- Die geloof in die bestaan van God, Skepper en Onderhouer.
- Die geloof in die absolute eenheid van God.
- Die geloof in die onliggaamlikheid van God.
- Die geloof in die ewigheid van God.
- Die geloof dat God alleen aanbid en gedien moet word.
- Die geloof in die waarheid van die woorde van die profete.
- Die geloof dat Moses die vader van alle profete is.
- Die geloof dat die Torah, soos ons dit nou het, deur God aan Moses gegee is.
- Die geloof dat die Torah, onveranderlik is en dat God nooit 'n ander Torah sal gee nie.
- Die geloof dat God alwetend is en die gedagtes en dade van mense ken.
- Die geloof dat God diegene wat die wet onderhou, sal beloon en die wat dit nie doen nie, sal straf.
- Die geloof dat die Messias, al mag dit lank duur, nog sal kom.
- Die geloof dat God die dooies, wanneer Hy wil, weer sal opwek.

Jode verskil onderling oor sommige van die punte.

'n Sinagogediens bestaan uit twee dele. Tydens die liturgiese gedeelte volg die geloofsbelydenis, sing van lofliedere, die seënbedes en die hoëpriesterlike seën mekaar op. In die lerende gedeelte word daar uit die Heilige Geskrifte voorgelees. Die heilige geskrifte bestaan uit die Tenakh of Joodse Bybel en die Talmoed. Die Tenakh bestaan uit die Torah (vyf boeke van Moses), die Nevi'im (die profete) en die Ketavim (die geskrifte). Die Torah is die heiligste van al die geskrifte omdat dit deur God self aan Moses gegee is. Dit word weekliks in die sinagoge voorgelees, gevolg deur 'n voorlesing uit die Nevi'im. Die Ketavim word op feesdae van die Joodse kalender voorgelees, byvoorbeeld Hooglied tydens Paasfees en Rut tydens Pinkster. In die Psalms word die lof, vreugde, verlange, pyn, vrae en hoop van die mens voor God weergegee. Die Talmoed bestaan uit die Misjna en die Gemara. Laasgenoemde is die mondelinge wet van God aan Moses en die Misjna bevat die kommentare en uitleg van die rabbi's wat die Torah bestudeer het.

Die Sabbat en Sabbatvieringe vorm 'n belangrike deel van die Joodse godsdiens. Die Sabbat duur van sononder Vrydag tot sononder op 'n Saterdag. Die Sabbat word as 'n gesin gevier as toewyding aan God. Beide ouers, veral die vader, het 'n rol in die sabbatsverrigtinge. Die Sabbatsviering word breedvoerig in die Talmoed bespreek. Die Ortodokse Jode probeer die rëels vir die Sabbatvieringe getrou na te kom, maar in die moderne samelewing laat die meer reformatoriese Jode baie van die voorskrifte weg.

Toegewyde Jode bid drie keer per dag - in die oggend, die middag en die aand. Die vader in die huis sowel as die ouer seuns bedek hulle hoofde met 'n hoed of bedemussie wanneer hulle bid, en drapeer hulle skouers met 'n gebedemantel. Die gebruik van verskillende gebedsrieme kom ook voor.

Kinders neem 'n besondere plek in in die Joodse huis. Volgens tradisie is 'n kind "outomaties" 'n Jood as hy uit 'n Joodse vrou gebore is. 'n Joodse seuntjie word op die agtste dag besny en 'n Hebreeuse naam, wat hy dwarsdeur sy lewe behou, word aan hom toegeken. Die moeder is verantwoordelik vir die kind se godsdienstige onderrig totdat hulle op die ouderdom van vyf jaar na 'n sinagogeskool gaan waar hulle verder deur die rabbi onderrig word. In die skool ontvang die kinders onderrig in Hebreeus en die Joodse tradisies.

'n Joodse seun bereik sy mondigwording op dertienjarige ouderdom wanneer hy in die sinagoge mag opstaan om self 'n gedeelte van die wet voor te lees. Vir elke seun is sy Bar Mitswa die dag waarop hy 'n "seun van die verbond" word, 'n gebeurtenis wat hom sy lewe by bly. Vanaf die dag word hy as 'n volwasse Jood gereken met die pligte en verantwoordelikheid om die wet na te streef.

'n Dogter bereik haar mondigwording op haar twaalfde verjaarsdag wanneer sy as 'n Bat Mitswa, 'n "dogter van die verbond" na vore tree. Die Bar Mitswa en Bat Mitswa word met 'n spesiale seremonie in die sinagoge gevier.[72]

---

72 P.G.J. Meiring, "Judaïsme...", pp.118-119.

Die godsdienstige kalender van die Joodse godsdiens sluit 'n hele paar belangrike feeste in, onder andere die Nuwejaarsfees (Rosh Hasjana), die Groot Versoendag (Joom Kippoer), die Loofhuttefees (Sukkot), Purimfees (Lofprysingsfees), Paasfees (Pêsach), Pinksterfees (Sjawoe'ot), ensovoorts. Die Groot Versoendag is vir die Jode die heiligste van al hulle feesdae omdat dit die dag is waarop die Here al die sondes van sy volk bedek.[73] Die Loofhuttefees word vyf dae na die Groot Versoendag as 'n oesfees gevier. Die Purimfees is 'n vrolike fees wat herinner aan die bevryding van die Jode in die tyd van Ester. Die Paasfees word 'n maand na die Purimfees gevier ter herinnering aan die bevryding van Israel uit Egiptiese slawerny.[74] Die Pinksterfees is 'n oesfees, ook bekend as die fees van eerstelinge van die oes wat sewe weke na die Paasfees gevier word. Die Joodse huise en die sinagoge word gewoonlik tydens die Pinksterfees vrolik met vrugte versier.[75]

Phyllis Block het met die oog op die ingebruikneming van die nuwe sinagoge in Monumentdorp die geskiedenis van die eerste Joodse families wat hulle in Krugersdorp gevestig het, aangeteken. Block wys daarop dat die Joodse-gemeenskap 'n belangrike rol speel het in die sosio-ekonomiese en kulturele ontwikkeling van Krugersdorp, maar dat hulle in werklikheid 'n geslote gemeenskap met 'n kenmerkende eie tradisie is. Die Judaïsme is die behoudende element wat die Joodse-gemeenskap as sosio-kulturele groep uitsonder.[76]

## 9.3. ISLAM

By die Islam kom dieselfde onderskeiding as 'n groep voor as wat by die Joodse-gemeenskap aangetref word, want ook die Islam is nie net 'n godsdiens nie, maar 'n lewenswyse wat elke aspek van die mens se lewe ten diepste raak. Die Islam vereis 'n volkome oorgawe aan God. Die persoon wat hom volkome aan God oorgee, word 'n Moslem genoem. Die meerderheid Moslems in Krugersdorp is Indiërs, maar daar is ook 'n aantal Bruinmense wat aanhangers van die Islam is.

---

73 Die instelling van die feesdag, wat gepaard gegaan het met die offer van 'n "sondebok", word in Levitikus 16 in die Bybel beskryf.

74 Die Paasfees hou verband met die Exodus-verhaal in die Bybel.

75 P.G.J. Meiring, "Judaïsme...," pp.114-122.

76 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr J4, *Jewish community*, sd.

Die Islamitiese beginsels berus op die uitsprake van God soos dit in die Koran beskryf word. Sake wat nie in die Koran vervat is nie, maar in die praktyk deur die profeet Mohammed en sy gemeente toegepas of uitgespreek is, is as tradisies in die Hadith-geskrifte opgeteken. Die gebooie van God, soos geopenbaar in die Koran, en die voorbeeld van die profeet, soos opgeteken in die Hadith geskrifte, dien as rigsnoer vir elke Moslem se lewe.

Deur die jare het verskillende groeperinge in die Islam ontstaan. Volgens Naude[77] is ongeveer 90% van die Moslems-aanhangers van die Sunni-groepering. Die oorblywende 10% is aanhangers van Sjusme, wat op die politieke terrein die rol van die Islam sien as uitlêer van die wet van God en die Sjiëte-ekstremiste wat hulle Imams vereer as sou God in hulle woon. Die Moslems van Krugersdorp is aanhangers van die Sunni-groepering.

Die Sunni-groepering is nie 'n institusionele instelling nie, maar 'n spontane groepering van Moslems wat 'n komitee vorm vir die oprigting en beheer van 'n moskee. Alle gelowiges het dieselfde status voor God. Daar is geen formele struktuur of ampsdraers nie. Die eerste moskee in Krugersdorp is in Burgershoop opgerig op twee erwe wat volgens oorlewering deur president Paul Kruger aan die Indiërgemeenskap geskenk is. Die ligging van die Moskee in 'n Blanke woongebied het tot wrywing tussen die inwoners en die Moslems gelei, omdat die skoolkinders buite die gebou geraas het wanneer dienste aan die gang was. Die Burgershoop Laerskool is oorkant die moskee geleë. Blanke ouers het by die Stadsraad gekla dat die moslempriesters kinders aanval en verskree en daarop aangedring dat die moskee na die nuwe Indiërwoongebied verskuif moes word. Pogings van die Stadsraad om die moskee op munisipale koste te verskuif, het misluk, omdat 'n moskee wanneer dit eers opgerig is, nie verskuif kon word volgens die gebruike van die Islam nie.[78] Die aanvanklike sinkgebou is in 1946 met 'n meer permanente struktuur vervang (foto no.89). Die hoeksteen van die nuwe moskee is op 30 Augustus 1948 ter ere van pres. Paul Kruger gelê deur die Administrateur

---

77 J.J. Naude, "Islam, algehele oorgawe aan God", P. Meiring (red.), *Suid-Afrika: Land van baie godsdienste*, pp.162,163.

78 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/1, *Petisie van belastingbetalers, grondeienaars en ouers in Burgershoop*, 5 Apr. 1918.

van Transvaal, genl. J.J. Pienaar.[79] 'n Tweede, groter moskee is in Azaadville gebou tydens die hervestiging van die Indiërs in die woongebied gedurende die sestiger- en sewentigerjare[80].

Die Islam onderskei nie tussen 'n sekulêre en sakrale lewe nie, omdat die ganse lewe van die Moslem in die diens van God staan. Die basiese vereiste om 'n Moslem te word, is om die Islamitiese belydenis uit te spreek en daarvolgens te lewe. Die belydenis bestaan volgens Naude[81] uit die woorde: "Daar is geen god behalwe God nie, en Mohammed is die apostel van God." Dit wil sê, die Moslem moet die wil van God soek in die klere wat hy dra, die kos wat hy eet, die manier waarop hy was en skeer, die manier waarop hy sy werk doen of sy besigheid bedryf, ensovoorts. Die wet van God beheer die lewe van die gelowige tot in die fynste besonderhede.

Die Moslem moet daagliks die geloofsbelydenis voordra en vyf keer per dag die rituele gebede in die rigting van Mekka in Arabies opsê. Die opsê van die gebede gaan gepaard met die voorgeskrewe liggaamshouding. Die gebede word met dagbreek, op die middaguur, in die middel van die namiddag, met sononder en as dit nag is, opgesê. Die geloofsbelydenis vorm deel van die oproep tot die gebed wat vyf keer per dag van die top van die minaret in die moskee uitgeroep word. Die Imam lei die rituele gebed wat 'n direkte skakeling tussen die gelowige en God is, in die moskee.

Die Vrydagmiddaggebed in die moskee is verpligtend vir alle volwasse Moslems. Dit gaan gepaard met voorlesings en 'n preek uit die Heilige Geskrifte. In die praktyk beteken dit dat Indiërsakemanne wat navolgers van die Islam is, op 'n Vrydag tussen 12h00 en 14h00 hulle besighede sluit sodat hulle die gebedsuur in die moskee kan bywoon.

Die Moslemvrou besoek die moskee slegs tydens besondere geleenthede en vir bepaalde rituele. Sy staan ook onder verpligting om die vyf rituele gebede op te sê, maar sy doen dit gewoortlik tuis.

---

79 SAB, Pretoria, GG, band 2387, verw. 6/947, Uitnodiging aan Goewerneur-Generaal na hoeksteenlegging, 30 Aug. 1948.

80 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A12, *Azaadville*, sd. Kyk ook Hoofstuk 4 vir vestiging van Azaadville.

81 J.J. Naude, "Islam...," pp.165 en 172.

Verpligte heffings vir die instandhouding van die moskee en aalmoese aan die armes, die vas tydens die maand Ramadan en 'n pelgrimstog na Mekka is vaste Islamitiese verpligtinge. Elke Moslem streef daarna om minstens een keer in sy leeftyd die pelgrimstog na Mekka mee te maak.

Streng rituele voorskrifte geld tydens die vasmaand. Moslems ervaar die vastyd as 'n besondere geleentheid om hulle van aardse behoeftes af te sny en op die geestelike waardes van die lewe toe te spits.

Kinders woon vanaf 'n jong ouderdom die Moskeeskool of Madrena by waar hulle onderrig ontvang in die leerstellings van die Islam. Die aanleer van Arabies, sodat hulle die Koran kan lees, vorm 'n belangrike deel van die onderrig. Skoolgaande kinders woon in die oggende die normale akademiese skole by, en in die namiddae gaan hulle van 14h00 tot 17h00 na die Moskeeskool.

Die Moslem-universiteit in Azaadville bied verdere onderrig in die Islamitiese leerstellings aan die toegewyde Moslem. Dit is die grootste onderriginstelling in die Islamitiese leer in die Suidelike halfrond.

Die gesin is 'n belangrike onderdeel van die Islamitiese sosiale organisasie. Die huwelik in die Islamitiese kultuur is 'n burgerlike kontrak tussen twee partye, maar dit word ook as 'n godsdienstige plig van elke individu gesien om in die huwelik te tree. 'n Huwelik word deur die ouers gereël. Die vaders onderhandel oor die inhoud van die huwelikskontrak. Die jong paartjie het dikwels geen sê in die saak nie. Dit is ook nie vreemd dat die bruid en bruidegom mekaar vir die eerste keer tydens die huwelikseremonie ontmoet nie.[82]

## 9.4. HINDOEÏSME

Suid-Afrika het naas Maleisië die grootste Hindoebevolking buite Indië. Krugersdorp het 'n sterk verteenwoordigende Hindoegemeenskap in Azaadville, alhoewel hulle getalle veel minder is as die Moslems.

---

82 J.J. Naude, "Islam...," pp.151,ev.

Hindoeïsme is 'n baie individuele godsdiens wat hoofsaaklik tuis beoefen word. Hindoeïsme is nie 'n gemeente-godsdiens nie, daarom besoek baie min Hindoes die tempel. Die tempel word vir spesiale geleenthede of rituele besoek, byvoorbeeld die naamgewing van 'n kind, tydens siekte, met die huwelik, in geval van werkloosheid, ensovoorts. Die gode wat aan bepaalde behoeftes kan voldoen, word dan aanbid.

Hindoeïsme is panteïsties wat hom nie deur 'n enkele leerstelling laat definieer nie. Dit absorbeer baie maklik elemente van ander godsdienste sonder om sy eie identiteit prys te gee. Elemente van feitlik alle godsdienste ter wêreld kan in die Hindoeïsme aangetref word. Die mees teenstrydige godsbegrippe kom binne die Hindoeïsme voor, naamlik geloof in 'n menigte van gode (politeïsme), vergoddeliking van alles (panteïsme), geloof in 'n onpersoonlike godheid (monoïsme), geloof in 'n persoonlike god (teïsme), geloof in een god (monoteïsme), die geloof in die wet van oorsaak en gevolg (Karma), geloof in reïnkarnasie en sielsverhuising (Sansava), geloof dat die sigbare 'n illusie is (Maya), die geloof in die vrywording of verlossing (Moksha), die geloof in geestelike bevatlikheid (Adhikara) en geloof in 'n gekose godheid (Ishta-devata).[83]

Omdat die Hindoeïsme 'n persoonlike godsdiens is, word huisgode in elke huis aangehou. Dit is die moeder se verantwoordelikheid om 'n mini-tempel of plek van aanbidding in die huis in te rig. Die aanbidding van die huisgode is ook die moeder se taak. Kamfer word in die teenwoordigheid van die hele gesin gebrand en voedsel en blomme word by die huisgode geplaas. Sy brand ook 'n lampie by die huisgode. Water vir reiniging speel 'n belangrike rol by die aanbidding van die huisgode. Heilige of magiese spreuke word tydens die aanbidding voorgedra. Tuisaanbidding is vir die voorspoed en welvaart van die gesin baie belangrik. Die gode wat bepaalde behoeftes kan beantwoord word aanbid.[84]

Magie speel 'n belangrike rol in die bepaling van oplossings vir probleme. Daarom is 'n goeie kennis van astrologie en die planete, veral die een

83 P.J. de Beer, "Hindoeïsme: een van die oudste godsdienste op aarde", P. Meiring (red.), *Suid-Afrika: Land van baie godsdienste*, pp.29-31 & 40-45.

84 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer I1, *Indian community*, sd.

waaronder jy gebore is, belangrik vir die uitleg of verklaring van gebeure. Genesings, wonders en kultiese gebruike is eie aan die Hindoeïsme. Veral die Tamilsprekende Hindoes neem deel aan die rituele van die Draupadifees wat jaarliks in Suid-Afrika gevier word. Die aanbidder van Draupadi, die god van vuur, raak in 'n beswyming waarna hy op gloeiende kole loop, of naalde word deur sy liggaam gesteek - en die toeskouers bewonder die krag van die gode.[85]

In Suid-Afrika is daar hoofsaaklik twee groeperinge in die Hindoeïsme, elk met sy eie taalgroeperinge. Onder die Drawidiërs kom die gebruik van Tamil en Telegas voor en onder die Indies-Ariese gemeenskap, Hindoe en Gujerati. Beide groeperinge kom in Krugersdorp voor, alhoewel die tempel vir die Indies-Ariese groepering in die Roodepoort-gebied val. Die Tajmahal Tempel in Azaadville is opgerig na die vestiging van Azaadville as 'n Indiërwoongebied.[86]

In die praktyk verskil Hindoeïsme van plek tot plek, van huis tot huis. Dit ontstaan uit die mens se waarneming van sy omgewing, die natuur en die lewe. Dit vorm die agtergrond waarteen die Hindoe sy interpretasie van die Hindoeïsme heg en bepaal watter god of gode aanbid moet word. Offerandes speel 'n belangrike rol om die guns van die gode gunstig te stem. In die tempel sal die priester bepaalde offers en seremonies voorskryf om die guns van die gode te wen. Die priester kan ook eis dat die aanbidders bepaalde geloftes aan die gode maak.[87]

## 9.5. SLOTOPMERKINGS

Die behoudende rol van godsdiens en die kerk in die handhawing van kulturele identiteit is 'n faktor wat hom al hoe meer in die samelewing laat geld. Die behoudende rol wat die Judaïsme, Islam en Hindoeïsme in die behoud van die kulturele identiteit van die onderskeie religieuse groeperinge speel, is onbetwisbaar. Die betrokkenheid van die Afrikaanse kerke en kerkleiers op die kultuurakker en in die onderwys het verseker dat die

---

85 P.J. de Beer, "Hindoeïsme...", p.38.
86 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer I1, *Indian community*, sd.
87 P.J. de Beer, "Hindoeïsme...," p.32.

Afrikaner nie kultuur-sosiologies in die verstedelikingsproses geabsorbeer word nie. Kultuurbehoud het te doen met die handhawing van beginsels, morele waardes en gesonde selfagting soos oorgedra en versterk deur die kerke in hulle gemeenskapsbetrokkenheid.

Alhoewel godsdienstige verdraagsaamheid onder die denominasies en godsdiensgroeperinge waargeneem word, is daar in Krugersdorp geen samewerking tussen godsdienstige groepe om op 'n gekoördineerde wyse sosio-maatskaplike probleme soos misdaad, lae morele waardes, armoede, drank- en dwelmmisbruik, ensovoorts aan te spreek nie. Die verskillende godsdienstige groeperinge spreek elkeen die maatskaplike probleme binne sy eie geledere en gemeenskap aan. Bestaande kerklike maatskaplike strukture en infrastruktuur word hiervoor aangewend, byvoorbeeld die Christelike Maatskaplike Raad wat met die NG-Kerk geassosieer word. Die algemene uitgangspunt is dat dit die staat se verantwoordelikheid is om maatskaplike probleme aan te spreek.[88]

Die Krugersdorp Stadsraad se betrokkenheid op godsdienstige en kerklike terrein in die tydperk 1903 tot 1993 is minimaal. Geen inisiatiewe het van die Stadsraad self uitgegaan om die gemeenskap geestelike te verryk nie. Hierdie taak is in die hande van die onderskeie kerkgenootskappe oorgelaat. Die betrokkenheid van die Stadsraad was beperk tot die lewering van munisipale dienste, byvoorbeeld water- en elektrisiteitsvoorsiening, vullisverwydering, ensovoorts. Munisipale betrokkenheid by die toekenning van standplase vir die oprigting van kerkgeboue, pastorieë en ander gemeentelike fasiliteite kan ook nie buite rekening gelaat word nie. Alhoewel die oprigting van 'n kerkgebou, aanbouings, bou van addisionele geboue soos die kerksaal of pastorie as hoogtepunte in die bestaan van 'n gemeente of kerk gesien word, is daar doelbewus in die studie nie hiervan melding gemaak nie om stereotipering en kroniekagtigheid in die bespreking te voorkom. Die bespreking het daarom gefokus op die rol wat godsdiens in die sosio-kulturele lewe van die verskillende godsdienstige groeperinge gespeel het.

88 T. Dingiswayo en R. Quangule, Onderhoud, Febr. 1998.